higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

4 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en ‘n 17-bladsy-antwoordboek.

042Q1N2204

Copyright reserved

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik die TABEL hier onder as riglyn oor hoeveel tyd aan die beantwoording van elke vraag te spandeer.
5. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
6. Toon alle berekenings.
7. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy.
8. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	18 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	27 minute
3	Kort** teoretiese vrae	30	27 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	65 minute
5	Algemene grootboek	20	15 minute
6	Finansiële jaareinde en State	30	20 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	10	10 minute
	TOTAAL	**200**	**180 Minute**

Copyright reserved

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter finansiële staat vertoon ‘n onderneming se inkomste en uitgawes vir ‘n tydperk?

A Inkomstestaat
B Saldostaat
C Kontantvloeistaat
D Staat van aandeelhouersekwiteit

1.1.2 Wat is die vernaamste doel van finansiële rekeningkunde?

A Organiseer finansiële inligting.
B Verskaf nuttige finansiële inligting aan buitestaanders.
C Hou rekord van die maatskappy se uitgawes.
D Beperk die maatskappy se belasting tot die minimum.

1.1.3 Watter van die volgende is nie as ‘n afsonderlike item in die basiese rekeningkundige vergelyking nie?

A Bates
B Inkomste
C Laste
D Aandeelhouersekwiteit

1.1.4 Die formaat wat debiete, krediete en saldo’s as opskrifte vertoon.

A Finale rekening
B Algemene Joernaal
C Algemene Grootboek
D Grootboekrekening

1.1.5 Watter soort saldo het ‘n kontra-baterekening?

A Debiet
B Krediet
C Kontra
D Al die bogenoemde.

1.2 Kies ‘n item uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die maksimum hoeveelheid tyd wat ‘n debieteur het om sy/haar skuld te betaal	A	rente ontvang
		B	rente
1.2.2	Debieteure afgeskryf, wat onwaarskynlik hul rekeninge sal betaal	C	slegte skuld
		D	kredietperk
1.2.3	Die heffing op debieteure wat nie betyds betaal nie	E	Nasionale Kredietwet
		F	slegte skuld ingevorder
1.2.4	Die maksimum bedrag waarvoor ‘n debieteur goedere op krediet kan koop	G	kredietbepalings
1.2.5	Beleide en prosedures wat daarop gerig is om kredietverlening te beheer		

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 BTW-inset is die belasting op toegevoegde waarde wat op klante gehef word.

1.3.2 Enige besigheid met verkope van meer as R200 000 moet as ‘n BTW-handelaar registreer.

1.3.3 Sekere basiese voedsel en noodsaaklike items word teen ‘n nulkoers aangeslaan om arm mense te help.

1.3.4 Die meeste besighede merk hul voorraad met die verkoopprys plus BTW.

1.3.5 BTW is betaalbaar wanneer uitset-BTW meer is as inset-BTW.

(5 x 1)

1.4 Ontleed of die volgende items BTW-vrygestel, nulkoers-items of teen 15%-BTW belas moet word deur 'n kruisie (X) in die toepaslike kolom in die ANTWOORDBOEK te maak.

	Produkte/dienste	**BTW-vrygestel**	**0%**	**15%**
1.4.1	Bruinbrood			
1.4.2	Nuwe kasregister			
1.4.3	Diesel			
1.4.4	Skoolfonds vir openbare skool			
1.4.5	Meubels			

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 2

Mnr M Record is die eienaar van Records (Pty) Ltd, wat goedere op krediet koop en verkoop. Records (Pty) Ltd het jou as intern aangestel om sy debiteurekontrolerekening te saldeer en rekonsilieer, omdat hulle huidige intern siek voel. Daar was heelwat personeelafleggings weens COVID-19, en die meeste klante kan nie hul rekeninge betyds betaal nie.

Gevra:

2.1 Noem TWEE maniere waarop Records (Pty) Ltd sy klante kan aanmoedig om betyds te betaal. (2 × 2) (4)

2.2 Noem TWEE beheermaatreëls wat Records (Pty) Ltd kan implementeer voordat dit krediet aan klante verleen. (2 × 2) (4)

2.3 Records (Pty) Ltd se huidige intern het nie al die transaksies noukeurig opgeteken nie. Jy word versoek om die korrekte debiteurekontrolerekening op te stel op grond van jou NC(v) Vlak 3- rekeningkundige kennis wat jy in die loop van die jaar opgedoen het, met gebruik van die inligting hier onder. (18)

2.4 Stel die korrekte debieteurelys op vir Records (Pty) Ltd. (4)

ALGEMENE GROOTBOEK VAN RECORDS (PTY) LTD									
Dt	DEBIETEUREKONTROLE								Kt
2020 Junoe	1	Saldo	b/d	13 460	2020 Junie	30	Bank en korting/afslag toegestaan	KOJ	36 690
	30	Verkope	DJ	51 56A			Debieteure korting	DAJ	13 520
		Bank	CPJ	7 500			Joernaal krediet	AJ	1 290
		Joernaal debiet	GJ	0			Saldo	a/b	21 020
				72 520					72 520
Julie	1	Saldo		21 020					

Debieteurelys

Besonderhede	**Bedrag**
M Alex	R3 800
B Randall	R4 790
D Scott	R8 340
A Anthony	R2 690
TOTAAL	**R19 630**

Addisionele inligting

As ‘n nuut aangestelde intern, ontdek jy die volgende foute en weglatings.

1. B Randall se rekening moet as oninvorderbaar afgeskryf word.

2. M Alex het R1500 op sy rekening betaal en dit is korrek in die algemene grootboek opgeteken, maar nie na sy persoonlike rekening oorgeboek nie.

3. Die verkopekolom in die Debiteurejoernaal se totaal na optelling was R2 210 te veel en Debiteurekortings uit die Debiteurekortingsjoernaal se totaal was R280 te min.

4. A Anthony het goedere ter waarde van R1 110 teruggestuur, wat as ‘n kredietverkoopstransaksies opgeteken en oorgeboek is.

5. Goedere verkoop aan D Scott vir R2 440 is korrek na die algemene grootboek en Debiteuregrootboek oorgeboek. Die transaksie is verkeerdelik na sy persoonlike rekening as R2 040 oorgeboek.

6. ‘n Tjek van R600 wat van A Anthony ontvang is, is weens onvoldoende fondse gedishonoreer. Die transaksie het ‘n afslag/korting van R30 gehad en geen inskrywings is gemaak nie.

[30]

VRAAG 3

3.1 Jy word aangestel om by Alex Traders te help omdat die huidige boekhouer ‘n inentingsafspraak het. Alex Traders is as ‘n BTW-handelaar met ‘n 15%-koers geregistreer. Jy het ontdek dat verskeie bedrae in die transaksies wat voorheen opgeteken is, ontbreek.

Inligting

	BTW uitgesluit	BTW-bedrag	BTW-ingesluit
Verkope on krediet	R960	(a)	R1 104
Aankoop van voorraad		(b)	R60 490
Aankoop van toerusting	R65 000		(c)
Telefoon betaal	(d)	R720	
Kontantverkope		(e)	R112 470

LET WEL: Die bedrag van R112 470 sluit nulkoersitems in wat vir R5 500 verkoop moes geword het. Die boekhouer het per ongeluk ‘n BTW-bedrag van R825 op hierdie goedere bygetel. Hierdie fout moet reggestel word.

Gevra:

3.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae in die tabel, wat deur (a) tot (e) aangedui word. Toon al jou berekenings. (15)

3.1.2 Onderskei tussen *inset-BTW* en *uitset-BTW.* (2 × 2) (4)

3.1.3 Waarvoor staan die afkorting *BTW*? (1)

3.2 Jy word bevel om die proefbalans van Alex Traders vir Junie 2021 te korrigeer.

	Folio	Debiet	Krediet
Grond en geboue		21 000	
Toerusting			5 000
Telefoon			3 200
Bank (negatiewe saldo)			8 800
Verkope		19 800	
Nominalerekeninge-afdeling			
Lening		16 500	
Koste van verkope			12 500
Salarisse			10 550
Balansstaatrekening-afdeling			
Krediteurekontrole		8 600	
Huurinkomste		8 700	

(10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Flybe's Dealers is ‘n geregistreerde maatskappy wat handelsvoorraad van ander BTW-geregistreerde maatskappye koop en verkoop. Die eienaar, mnr Flyer is beïndruk met jou akademiese prestasie op NC(v) Vlak 3 en het jou gevra om gedurende die September-vakansie jou werksgebaseerde blootstelling by Flybe's Dealers te voltooi. Die maatskappy gebruik ‘n 40%-prystoeslag op koste van al sy goedere en dienste.

Gevra:

Gebruik die inligting hier bo om die volgende joernale te voltooi, September 2021.
Rond af tot die naaste Rand.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(16)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(14)
4.3	Debiteurejoernaal	(10)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(4)
4.5	Krediteurejoernaal	(10)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal	(4)

Inligting

1. B Richardson (die eienaar) het ‘n selfoon vir sy seun gevat. Die foon het oorspronklik R700 gekos, en het ‘n kleinhandelprys van R1 260.

2. Kredietkaartverkope nog nie opgeteken, R4000 BTW uitgesluit. Brondokument CRR20.

5. Voorraad op krediet aangekoop by Nokia vir R11 000 en sy kwitansie 01 ontvang.

6. DHL per tjek betaal vir vraggeld op aankope, R180.

7. Daar is ontdek dat die skryfbehoeftes wat op 26 September 2020 vir R650 aangekoop is, verkeerdelik in die Handelsvoorraadkolom in die Kontantbetalingsjoernaal vir September ingeskryf is. Korrigeer die fout.

9. Mnr Flyer het ‘n selfoon by Cellcom Traders op krediet gekoop vir R3 060, faktuur 02.

10. Postnet het vir ons ‘n faktuur vir R60 gestuur vir aflewering van die selfoon aan mnr Jones. Ons het die koste van hierdie aflewering teen sy rekening aangeteken.

Kopiereg voorbehou

13. D Fraud, ‘n debiteur, het voorheen vir ons ‘n tjek van R475 gestuur ter vereffening van sy rekening, nadat 5% afslag/korting toegestaan is. Dit is korrek opgeteken. Die tjek is nou deur die bank as V/T teruggestuur, weens onvoldoende fondse. Die afslag/korting moet ook gekanselleer word.

13.
- 600 is ontvang van J Wei, ons huurder. Kwitansie 01 is aan hom uitgereik.
- Ons het R40 van AB bank ontvang vir rente op ons lopende rekening verdien.

14. ‘n Tjek van R800 is aan Bidvensure gestuur. Dit was vir die maandelikse versekerings premie, CH02.

16. Herstelwerk aan die gebou se dak, R3 000 is verkeerdelik na die Grond en Geboue-rekening gedebiteer.

17. ‘n Deel van die gebou is sedert 1 Augustus 2020 aan Marecha verhuur vir R 3 025 per maand, kwitansie 02.

17. Goedere vir kontant verkoop vir R4 200 CRR 21.

20. Toerusting op krediet gekoop en faktuur 03 Delta Suppliers vir R3 800 BTW uitgesluit, ontvang.

21. Tjek no. 899 ontvang van Delta Suppliers, a krediteur, vir die terugbetaling van ‘n oorbetaling wat in Maart gedoen is.

22. Goedere aan mnr Spide vir R3 600 verkoop, faktuur 106 vir aflewerings en tjek 106, vir R360, uitgereik.

23. Totale kredietverkope aan me Samuels R 4300 BTW uitgesluit, faktuur 107 uitgereik.

24. Goedere aan Nokia teruggestuur weens minderwaardige gehalte, debietnota 10.

25. Masjinerie op krediet by Maputla Stores gekoop vir R10 200, faktuur 04 ontvang.

26. Goedere kontant verkoop vir R2 020, CRR22.

26. Water en elektrisiteit aan Kaapstad betaal en tjek 102, vir R3 600 uitgereik.

27. Tjek wat van ‘n klant ontvang is, is weens onvoldoende fondse teruggestuur.

27. M Samuels het goedere ter waarde van R2 000 teruggestuur, kredietnota 24 uitgereik.

[60]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

M McGregor is die eienaar van McGregor Furniture en het jou van die volgende inligting oor die onderneming vir Oktober 2021 voorsien. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel om handelsvoorraad te bestuur, met 'n prystoeslag op kosprys van 50%.

M McGregor het jou versoek om die gegewe inligting te gebruik om al die nodige vrae te beantwoord:

Inligting:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN McGREGOR MEUBELS									
Dt	HANDELSVOORRAAD								Kt
2021 Okt	1	Saldo	a/b	148 000	2021 Okt	31	Koste van verkope	KOJ	**C**
		Krediteurekontrole	**A**	54 800			**D**	DJ	60 000
		B	KAJ	20 000			**E**	KAJ	3 850
		Koste van verkope	DKJ	1 845			Onttrekkings	AJ	**F**
							Skenking	AJ	**G**
							Saldo	a/b	?
				224 645					224 645
Nov	1	Saldo	a/b						

Gevra:

5.1 Vul die ontbrekende besonderhede vir etikette A, B, D, E in. (4 × 2) (8)

5.2 Totale verkope vir Oktober 2021 was R150 000. Bereken die bedrag vir C. (2)

5.3 Verduidelik die inskrywing op die kredietkant van R3 850. (2)

5.4 Voorraad met 'n verkoopprys van R6 000 en kosprys van R4 000 is aan 'n naburige laerskool geskenk.

Bereken die ontbrekende besonderhede vir G. (2)

5.5 Die eienaar het onttrekkings van R5 000 geneem. R3 000 is in die KBJ opgeteken; die saldo was vir goedere wat vir persoonlike gebruik geneem is. Hierdie goedere is met 'n verkoopprys van R3 000 gemerk.

Voltooi die ontbrekende besonderhede vir F. (2)

5.6 Daar verdwyn aanhoudend voorraad uit die besigheid, en mnr McGregor vermoed dat sowel klante as personeel sy besigheid besteel.

Verduidelik hoe interne beheermaatreëls geïmplementeer kan word om diefstal te voorkom. (4)

[20]

VRAAG 6

Inligting onttrek uit die voor-aansuiweringsproefbalans van Zama Stores September 2021.

Gevra:

Gebruik die inligting hier onder om die volgende te voltooi:

6.1 Handelsrekening (4)

6.2 Wins-en-verliesrekening (10)

6.3 Aantekeninge by die Balansstaatrekening (10)

6.4 Balansstaatrekening (6)

Inligting

Proefbalans van Zama Stores – September 2021

	Debiet	Krediet
Balansstaatrekening-afdeling		
Kapitaal		150 000
Onttrekkings	25 500	
Grond en Geboue	56 320	
Toerusting	11 200	
Voertuie	78 020	
Vaste Deposito: Absa Bank (12% p.j.)	50 000	
Debiteurekontrole	8 500	
Handelsvoorraad	36 000	
Bank	5 000	
Los kontant	500	
Kleinkas	800	
Krediteurekontrole		39 000
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		125 000
Kommissie-inkomste		13 640
Koste van verkope	45 500	
Verpakkingsmateriaal	600	
Water en elektrisiteit	15 000	
Lone en salarisse	13 900	
Telefoon	2 800	
Versekering	7 000	
Huurinkomste		30 000
Herstelwerk	5 600	
Rente ontvang		7 800
Skryfbehoeftes	3 200	
	365 440	**365 440**

[30]

VRAAG 7

Die volgende inligting is onttrek uit die boeke van Doutsure Traders in September 2021
Ontleed die volgende transaksies volgens die formaat wat in die ANTWOORDBOEK verskaf word.

bv. Besigheid het vir verpakkingsmateriaal betaal, R580 en tjek 100 uitgereik.

No	Brondokument	ALGEMENE GROOTBOEK		Bates	Eienaars-ekwiteit	Laste
		Rekening debiteer	Rekening krediteer			
Bv.	Tjek 100	Verpakkingsmateriaal	Bank	-580	-580	0

7.1 Goedere op krediet verkoop vir R3 800, prystoeslag van 50% op kosprys, en duplikaatfaktuur 8 uitgereik.

7.2 Toerusting op krediet by Master KG Stationery gekoop, oorspronklike faktuur 10 ontvang.

(2 × 5) **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou